higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

29 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	D		
	1.1.3	C		
	1.1.4	B		
	1.1.5	D		
	1.1.6	C		
	1.1.7	D		
	1.1.8	C		
	1.1.9	C		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	Moord		
	1.2.2	Ernstige voorneme		
	1.2.3	Buite gemeenskap van goed		
	1.2.4	Natuurlike persone		
	1.2.5	Kredietverskaffer		
	1.2.6	Huurder		
	1.2.7	Strafsaak		
	1.2.8	Regspersone		
	1.2.9	Verkwisters		
	1.2.10	Mag nie		
	1.2.11	Verbiedende		
	1.2.12	Handelsreg		
	1.2.13	lus in personam		
	1.2.14	Stare decisis		
	1.2.15	Hoë hof		
			(15 × 2)	(30)
1.3	1.3.1	B		
	1.3.2	E		
	1.3.3	D		
	1.3.4	A		
	1.3.5	C		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Kansellasie van die huurkontrak as die skending baie ernstig is
- Huurder kan in sekere omstandighede skadevergoeding eis.
- Huurder mag aandring op ’n verlaging in die huurgeld (in verhouding tot die mindere gebruik van die verhuurde eiendom)
- Huurder kan die nodige herstelwerk laat doen en daarna die koste terugeis van die verhuurder, maar slegs met die toestemming van die verhuurder

(Enige 3 × 2) (6)

2.2 2.2.1 Huur kry voorkeur bo verkoop of, met betrekking tot huurkontrakte, beteken dit die huurooreenkoms is met die verhuurder aangegaan voordat die verhuurder besluit het om die verhuurde eiendom te verkoop. (2)

2.2.2 Kragtens hierdie beginsel word die huurder beskerm teen uitsetting indien die eiendom verkoop word voordat die huurkontrak verstryk. (2)

2.2.3
- ’n Korttermynhuurkontrak- (korter as tien jaar) huurder kan op die verhuurde perseel bly (hoef nie te ontruim nie).
- Die huurder in geval van ’n ongeregistreerde langtermynhuurkontrak moet ontruim ná 10 jaar omdat dit as ’n korttermynhuurkontrak gehanteer word.
- Wat ’n geregistreerde langtermynhuurkontrak betref, kan die huurder bly vir die duur van die huurkontrak. Uitsondering: Onteiening van grond (3 × 2) (6)

2.3
- Rente
- Aanvangsgelde
- Diensgeld
- Kredietversekering
- Verstek- administrasiegelde
- Invorderingskoste (6)

2.4 2.4.1 Daar rus 'n plig op die verkoper om na die verkoopte item om te sien totdat lewering plaasvind. (2)

2.4.2 Indien toevallige verlies plaasvind, dra die koper die verlies of voordeel. (2)

2.4.3
- Waar die partye die oorgang van risiko-reël uitgesluit het.
- Waar die goedere geweeg, gemeet of getel moet word.
- Indien die verkoopskontrak voorwaardelik is.
- Indien die verkoper nie betyds lewer nie. (Enige 3 × 2) (6)

2.5
- Die teruggawe van die koopprys
- Rente
- Terugbetaling van alle uitgawes
- Die algemene reël is dat ’n koper nie skadevergoeding kan eis nie. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.6
- Om ’n billike en niediskriminerende mark vir toegang tot krediet te bevorder.
- Om onbillike praktyk te verbied.
- Om verantwoordelike kredietverleningspraktyke deur kredietverskaffers te bevorder.
- Om roekelose kredietverlening te verbied.
- Om verbruikers oor krediet en verbruikersregte op te voed.
- Om verbruikers te help om ingeligte besluite te neem wat gebaseer is op geskikte inligting wat aan hulle verskaf is.
- Om meganismes te bied vir die hantering van te veel skuld.
- Om voorsiening te maak vir geskilprosedure met betrekking tot kredietverlening.
- Om ’n Nasionale Kredietreguleringsbeheerstelsel te vestig. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Die ooreenkoms tussen Jimmy en Edgar is vernietigbaar. (2)

3.1.2 Daar was ’n ooreenkoms, maar die ooreenkoms is gevestig op die grondslag van vrees en intimidasie en is nie afdwingbaar nie (wederregtelik), nie wettig nie en kan beëindig word, as Jimmy dit verkies.

(Enige soortgelyke beskrywing is aanvaarbaar.) (2)

3.1.3 Ja (2)

Jimmy is gedwing of onder druk geplaas om hierdie ooreenkoms met Edgar aan te gaan.

OF

In hierdie situasie het ’n persoon gevrees vir geweld of intimidasie (dwang), en as ’n direkte gevolg daarvan het hy ’n kontrak aangegaan. (2)

3.1.4 Jimmy kan die kontrak afdwing of tersyde stel (dit laat kanselleer).

OF

Jimmy kan skadevergoeding eis. (2)

3.2
- Siekteverlof
- Gesinsverantwoordelikheidsverlof
- Jaarlikse verlof
- Kraamverlof (4)

3.3
- Jou vriend sal onafhanklik wees.
- Hy sal teen sy eie tempo werk en nie onder toesig van die werkgewer nie.
- Hy sal sy eie diskresie gebruik oor HOE en WANNEER hy sy werk sal doen, aangesien hy nie onderhewig is aan die regstreekse bevele van sy werkgewer nie.
- Die versekeringsmaatskappy vir wie hy gaan werk, is nie aanspreeklik vir enige van sy misdrywe (wandade) nie.
- Hy kan die werk doen soos hy wil, mits hy by die kontrak hou.
- Hy doen ’n spesifieke stuk werk en moet sy eie middele voorsien (gereedskap, bv rekenaar, drukker, internet) om die werk te verrig.
- Lewer ’n diens vir die uitvoering van ’n spesifieke stuk werk (tydelik).
- Hy kan kennis gee (bedank) volgens onderlinge ooreenkoms en word nie beskerm teen onbillike ontslag of beëindiging van diens nie.
- Hy is nie geregtig op betaalde verlof nie en kies sy eie datums vir enige vakansie. (Enige 5 × 2) (10)

3.4
3.4.1 Reguleer beskerming teen onbillike diskriminasie.
3.4.2 Is gemoeid met aspekte soos vakbonde, kollektiewe bedinging, ontslag en KVBA.
3.4.3 Maak voorsiening vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling in die werksplek. (3 × 2) (6)

3.5
3.5.1 Waar
3.5.2 Waar
3.5.3 Onwaar
3.5.4 Waar
3.5.5 Onwaar
3.5.6 Waar
3.5.7 Onwaar
3.5.8 Onwaar
3.5.9 Onwaar
3.5.10 Waar

(10 × 1) (10)

3.6
- Die werkgewer moet ’n veilige en gesonde werksomgewing voorsien.
- Dit is die plig van werknemers om alle reëls te gehoorsaam en alle moontlike gevare in die werksplek te elimineer, so ver moontlik.
- Kragtens die gemene reg was die werkgewer nie verplig om siekteverlof aan werknemers toe te staan nie, maar oor die jare het dit verander.
- Gedetailleerde wetlike pligte in hierdie verband word ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 aan die werkgewer voorgeskryf. (Enige 3 × 2) (6)

3.7
- Werksure
- Of die persoon ekonomies van die werkgewer afhanklik is
- Of die persoon van middele voorsien word om die werk te doen
- Of die persoon slegs vir een werkgewer werk of nie (4)

[50]

VRAAG 4

4.1
- ’n Teenaanbod beëindig die oorspronklike aanbod.
- Dit beteken dat die aanbodontvanger ’n aanbod aanvaar, maar onder bepaalde voorwaardes.
- Die oorspronklike aanbieder word daarna die aanbodontvanger
- en die aanbodontvanger word die nuwe aanbieder. (4 × 2) (8)

4.2
- Dit is die situasie wat ontstaan waarvolgens geen aksie kan voortvloei of geen eis kan ontstaan uit ’n onwettige kontrak of transaksie nie.
- In sulke omstandighede is die kontrak tussen die partye nietig en die partye kan nie kontraktueel gebind word nie. (2 × 2) (4)

4.3
- Hierdie reël geld indien albei kontrakterende partye ewe skuldig is aan wangedrag in hul ooreenkoms met mekaar.
- Die posisie van die besitter is die sterkste.
- Indien een party reeds ingevolge ’n onwettige kontrak presteer het, kan hy of sy nie sodanige prestasie terugeis nie.
- Die verweerder sal dus in ’n sterker posisie wees. (4)

4.4
- Wanneer hy of sy deur ’n voog bygestaan word
- Wanneer die minderjarige deur ’n Hoë Hof tot meerderjarige verklaar word.
- Wanneer die minderjarige met die toestemming van sy of haar voog in die huwelik tree
- Indien die minderjarige geëmansipeer raak.
- Indien ratifikasie plaasgevind het (nadat die minderjarige alleen gekontrakteer het)
- Statutêre (wetlike) uitsonderings (Enige 4 × 2) (8)

4.5
- Binne gemeenskap van goed
- Buite gemeenskap van goed sonder die aanwas
- Buite gemeenskap van goed met die aanwas (3 × 2) (6)

4.6
- Die partye is regtens bevoeg.
- Daar is ’n ooreenkoms en ’n ernstige voorneme om kontraktueel gebind te word.
- Die partye se verpligting teenoor mekaar kan nagekom word.
- Doelwitte, implementering en sluiting van die kontrak is wettig of regmatig.
- Kontrak voldoen aan alle noodsaaklike formaliteite. (Enige 4 × 1) (4)

4.7
- Die reg om ’n kredietooreenkoms in ’n verstaanbare taal te ontvang
- Die reg om ’n afskrif van die kredietooreenkoms te ontvang
- Die reg om ingelig te word oor alle gelde en koste en die totale paaiement
- Die reg om aansoek om skuldherstrukturering te doen
- Die reg om teen onbillike diskriminasie beskerm te word in die verlening van krediet
- Die reg om ingelig te word van enige rede waarom ’n aansoek om krediet geweier word.
- Die reg op ’n afkoelperiode
- Die reg dat sommige inligting as vertroulik gehanteer moet word.

(Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.8
- Verkoop by veiling
- Koste, assuransie en vrag (kav; vab; kba, ens) of soortgelyke verkope gekenmerk deur verskillende dokumente wat simboliese lewering aandui
- Vry aan boord en gratis op spoorwegkontrakte
- Verkoop in eksekusie (Enige 3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Dit word omskryf as werk wat tussen 18:00 en 06:00 verrig word.
- Werknemers moet ekstra betaling, 'n toelae of 'n vermindering van werksure ontvang.
- Vervoer moet vir hierdie werknemers beskikbaar wees (nie noodwendig deur die werkgewer voorsien nie).
- Werknemers wat gereeld ná 23:00 werk, moet oor moontlike gesondheids- en veiligheidsrisiko's ingelig word.
- Gratis mediese assessering van hierdie werknemers moet op die werkgewer se koste gedoen word.
- Indien nagwerk 'n werknemer se gesondheid negatief beïnvloed, moet sodanige werknemer na 'n dagskof geskuif word. (Enige 4 × 2) (8)

5.2
5.2.1 Waar
5.2.2 Waar
5.2.3 Waar
5.2.4 Waar
5.2.5 Waar
5.2.6 Waar
5.2.7 Onwaar
5.2.8 Waar
5.2.9 Waar
5.2.10 Waar

(10 × 1) (10)

5.3
- Indien 'n minderjarige stilswyend geëmansipeer raak, kan hy of sy 'n bindende kontraktuele verpligting aangaan binne die gebied van sy of haar emansipasie.
- Stilswyende emansipasie vind plaas wanneer 'n minderjarige deur die voog toegelaat word om op sy of haar eie sake te doen.
- In sulke omstandighede kan die minderjarige geldig kontrakteer met betrekking tot die sake of werk waarin hy of sy werksaam is.
- Die minderjarige mag nie buite daardie sake sonder die voog se toestemming kontrakteer nie.
- Die minderjarige moet onafhanklik wees, met ander woorde, vry van enige ouerlike beheer.
- Indien die minderjarige weg van die ouers woon en sake onafhanklik van hulle doen, is daar 'n sterk vermoede dat die minderjarige geëmansipeer is. (5)

5.4
- Die verkoper moes die eienaar gewees het of moes aan ’n derde party toestemming gegee het om namens hom of haar te handel en dit aan die koper te verkoop.
- Die verkoper moet die bedoeling hê om eiendomsreg aan die koper oor te dra.
- Die koper moet die bedoeling hê om eienaarskap van die gekoopte artikel te neem.
- Lewering moet plaasvind.
- Indien die item beweegbaar is en dit is ’n kontantverkoop, moet die prys betaal word.
- Wanneer onroerende eiendom gekoop word, gaan eiendomsreg by registrasie van die eiendom oor (in die aktekantoor).
- In die geval van kredietverkope gaan eiendomsreg gewoonlik op lewering oor.
- Afgeleide lewering kan ook in sekere gevalle plaasvind. (Enige 4 × 2) (8)

5.5
- Nee, ’n advertensie is nie ’n geldige aanbod nie.
- Dit is slegs ’n uitnodiging om sake te doen. ✓✓
- ’n Voorbeeld van ’n toepaslike saak is Crawley versus Rex.
- Uitsondering: ’n advertensie kan as ’n geldige aanbod beskou word as ’n beloning daaraan geheg word.
- Enige persoon wat die beloning wil opeis, moet bewus wees van die advertensie, wat ’n beloning bied as aanvaarding van die aanbod.
- As jy nie bewus is van die bestaan van ’n advertensie (wat as ’n aanbod aanvaar sal word) nie, kan jy nie daarna die aanbod opeis nie.
- Toepaslike saak: Bloom versus American Swiss Watch Company (9)

5.6
- ’n Gesweiste krukas in ’n tweedehandse motor
- ’n Fout in ’n ratkas
- Meubels wat deur boorkewers geïnfekteer is (3)

5.7 5.7.1
- Spesifieke nakoming
- Kansellasie (van kontrak)
- Skadevergoeding (eis)
- Strafklousule (wat by kontrak ingesluit is)
- Interdik (via hofbevel)
- *Exceptio non adimpleti contractus*

(Woorde tussen hakies hier bo is bloot vir beter begrip) (6)

5.7.2 Voorbeeld: As X ’n kontrak met Y aangaan. As X egter benadeel word, kan hy of sy die kontrak beëindig. (1)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou